Paasfees met 12 eiers vir kinders

Marius Nel *is leraar van die gemeente Witbank-Klipfontein.*

By ’n onlangse funksie van die senior burgers van die gemeente het ons by ’n lang gedekte tafel aangesit vir ’n heerlike ontbyt. Terwyl elkeen met afwagting vir die kos wag, vertel ek hulle hoe leeg en betekenisloos die lewe sonder Jesus sou wees. Sonder Jesus se kruisdood en opstanding, sou niemand dit in die teenwoordigheid van die Here kon waag nie (Ps 15:1).

Die aansit by die tafel en die praat oor die geboorte van Jesus en die kruis, lei toe die gesprek na die etenstafel van ’n Joodse gesin en die gesprek wat tussen die gesinslede van ’n Joodse gesin tydens die Pasga *(pesag)* en die besonderse maaltyd *(seder)* afspeel. Tydens hierdie spesiale maaltyd vra die jongste kind: “Waarom is hierdie nag anders as alle ander nagte?” Vir die Joodse vader was dit die aanduiding om die Eksodus-gebeure oor te vertel.

Dit is opvallend dat dié vraag juis ’n kind aan die orde stel, en die vader (ouer) dit beantwoord.

Christene vier nie meer die Pasga nie, maar wel Paasfees. Tog beklemtoon die Joodse sedermaaltyd vir ons die noodsaaklikheid om uit te vind of almal vandag nog die feite ken. Weet ons kinders nog hoekom die Paasgebeure ons lewe en toekoms anders maak?

Ek besef opnuut weer dat die Joodse vader se plig om die uittog uit Egipte aan sy kinders te verduidelik, ook my plig met Paasfees is. Ek moet seker maak dat my kinders die verhaal en Persoon van Paasfees ken.

Aangesien kinders gaande is oor stories, glo ek dat die storie van Paasfees met ’n bietjie kreatiwiteit en moeite ook ’n storie kan wees wat almal in die huis kan herontdek en onthou.

Ek wil die eier, so eie aan ons moderne Paasfees, gebruik as ’n simbool en hulpmiddel om die ou verhaal vars, kreatief en nuut met kinders te deel. Hiervoor is 12 plastiekeiers wat kan oopmaak nodig. Koop dit sommer by die R5-winkel.

Nommer die eiers van 1 tot 12. Skryf die Skrifgedeeltes in die blok hier onder afsonderlik op ’n klein stukkie papier en plaas dit en die bypassende voorwerp binne in een van die eiers.

Plaas ’n klein tafeltjie in die hoek van die huis se eetkamer. Versier dit kreatief en plaas die gevulde plastiekeiers daarop. Kom as gesin ooreen om 12 dae lank aan tafel te sit en saam te eet. Laat staan die etery voor die TV in dié tyd.

Maak daagliks een eier ná aandete oop. Lees die Skrifgedeelte van die dag wat in die eier is en praat daaroor. Ouers kan iets oor die voorwerp of simboliek sê om die gedeelte aan die kinders te verduidelik.

Maak eier 11 op die aand van Goeie Vrydag oop. Los die eetkamer donker op die Saterdag ná Goeie Vrydag (Stil Saterdag). Eet daardie aand by kerslig en dink aan Jesus wat gesterf het vir ons sonde.

Maak eier 12 tydens Sondagmiddagete oop. Sorg dat daar baie lig in die vertrek is en maak die vertrek mooi. Vier saam fees omdat die graf leeg is en Jesus uit die dood opgestaan het.

Sluit die 12 “eier-dae” tydens die erediens met Opstandingsondag af. Gee tydens die diens vir ’n paar gesinne die geleentheid om te vertel wat hulle as gesin beleef het.

Bostaande is maar net ’n praktiese manier om nuut en vars te dink oor die betekenis van Paasfees. Die bedoeling is om jou gedagtes aan die gang te sit. Vertel die kinders hoekom Paastyd so anders as enige ander tyd in die geskiedenis van die wêreld is, was en sal wees.

Eier 1	’n **Stukkie materiaal** wat die intog van Jesus in Jerusalem op die donkie simboliseer.	Matteus 21:1-11
Eier 2	’n Stukkie **brood of ronde koekie** wat die laaste maaltyd wat Jesus saam met sy dissipels in die bovertrek gehad het in herinnering roep.	Matteus 26:26-30
Eier 3	’n Stukkie **seep** wat Jesus se voetewassing van sy dissipels simboliseer.	Johannes 13:1-17
Eier 4	**Drie tiensentstukke** wat die 30 stukke silwer verteenwoordig wat Judas ontvang het om vir Jesus te verraai.	Matteus 26:14-16
Eier 5	’n **Veer** wat ons aan die haan laat dink wat gekraai het nadat Petrus Jesus verloën het.	Johannes 18:15-27
Eier 6	’n **Doring** wat die kroon wat Jesus moes dra simboliseer.	Markus 15:16-20
Eier 7	’n **Dobbelsteen** wat vertel van die lot wat die soldate oor Jesus se klere gewerp het.	Markus 15:21-24
Eier 8	’n Klein **houtkruis** en **spyker** om die dood van Jesus aan die kruis te simboliseer.	Markus 15:21-32
Eier 9	’n Stukkie **swart papier** wat die duisternis wat die aarde oorval het in herinnering roep.	Markus 15:33-41
Eier 10	’n Stukkie **wit lap** wat ons herinner aan die lappe waarmee Josef van Arimatea Jesus se liggaam toegedraai het.	Markus 15:42-47
Eier 11	’n Stukkie **klip** wat die klip waarmee Jesus se graf verseël was simboliseer.	Matteus 27:62-66
Eier 12	Los hierdie eier **leeg** om Jesus se opstanding uit die dood en die leë graf voor te stel.	Matteus 28:1-15

Preekstudies

met liturgiese voorstelle 2011

Prys: R200,00 (gratis CD ingesluit)

Preekstudies met liturgiese voorstelle 2011
Die *Preekstudies met liturgiese voorstelle* is 'n hulpmiddel in die voorbereiding van eredienste en die ontwikkeling van preke. Dit maak gebruik van die fokustekste soos uiteengesit in die erkende teksrooster, die Revised Common Lectionary (RCL). Vanjaar se *Preekstudies met liturgiese voorstelle* is gegrond op Jaar A van die RCL.

Die *Preekstudies met liturgiese* voorstelle kan gebruik word saam met die ander publikasie in die reeks, die *Leesrooster*.

BYBEL-MEDIA

Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: ***0860 26 33 42*** of ***0860 BMEDIA***
e-aankope: ***www.bybelmedia.co.za***